

BOERE GAAN LANGTAND AAN AGRISEB BYT

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Die Departement van Handel en Nywerheid het in Desember verlede jaar nuwe kodes vir swart ekonomiese bemagtiging vir die landbousektor (AgriSEB) in die Staatskoerant aangekondig. In kort behels dit dat boerderye in drie kategorië ingedeel word naamlik dié met ñ omset van minder as R10 miljoen, dié met ñ omset van tussen R10 en R50 miljoen en dan dié met ñ omset van meer as R50 miljoen. Met betrekking tot landbou speel die mate van swart eienaarskap in die boerdery, saam met vaardigheids- en verskaffersontwikkeling, ñ deurslaggewende rol in die uiteindelik SEB-status van die onderneming. Hierdie status is dan op sy beurt weer bepalend tot dié mate wat boerderye met die kopers van hulle produkte sake kan doen maar veral ook tot watter mate hulle met die staat, in die vorm van kontrakte, tenders of waterregte, kan handel dryf.

Boerderye met ñ omset van minder as R10 miljoen word outomaties as vlak 4-ondernemings beskou en as 100% voldoening aan AgriSEB geag. Boerderye met ñ omset van tussen R10 en R50 miljoen word as kwalifiserende klein ondernemings beskou en moet, buiten 25% plus 1 swart aandeelhouding (waarvan 10% vroue moet wees) ook aan óf die vaardigheidsonwikkeling óf die verskaffersontwikkeling se minimum vereistes voldoen. Boerderye met ñ omset van meer as R50 miljoen word as groot ondernemings beskou en moet aan al drie die maatstawwe se minimum vereistes voldoen ten einde AgriSEB-status te kan geniet.

Implikasies

Tabel 1 bevat inligting oor die omset van ñ aantal boerderye in die Oos-Vrystaat.

TABEL 1: OMSET VAN BOERDERYE IN DIE OOS-VRystaat, 2017

	Boerderye		Entiteite	
Aantal	27		46	
Gemiddelde omset	R 19 018 039		R 11 162 762	
< R10 m	12	44%	28	61%
> R10 m maar < R50 m	14	52%	17	37%
> R50 m	1	4%	1	2%
		100%		100%

Bron: Computus Bestuursburo, BK

Volgens Tabel 1 is daar 27 deelnemende boerderye in hierdie studiegroep en was hulle gemiddelde omset R19 miljoen vir 2017. Daar is twaalf boerderye met ñ omset van minder as R10 miljoen, 14 met ñ omset van tussen R10 en R50 miljoen terwyl daar 1 boerderye met ñ omset van meer as R50 miljoen is.

Om verskeie redes, soos belasting en erfopvolging, is hierdie boerderye egter in onderlinge entiteite gestruktureer sodat die boerderye in ñ kombinasie van ñ trust, beslote korporasie of maatskappy en eenmansaak bedryf word. Gevolglik toon Tabel 1 ook aan dat hierdie 27 boerderye in 46 onderlinge

entiteite bedryf word waarvan die gemiddelde omset vir 2017 dan R11 miljoen beloop het. Daar is 28 entiteite met ñ omset van minder as R10 miljoen, 17 met ñ omset van tussen R10 en R50 miljoen en steeds een entiteit met ñ omset van meer as R50 miljoen. Hiervolgens is 61% van die entiteite klein ondernemings wat outomaties ñ Vlak 4-status sal geniet terwyl 37% as kwalifiserende klein ondernemings aanpassing in hulle eienaarskap en ook vaardigheids- of verskaffersontwikkeling sal moet doen om hul AgriSEB-status reg te stel terwyl daar 2% van die entiteite is wat as groot ondernemings redelike groot aanpassings sal moet maak om hulle AgriSEB-status in lyn met die riglyne te kan kry. Die strukturele samestelling van ñ boerdery sal dus ñ deurslaggewende rol in sy AgriSEB-vereistes speel.

Vertakkings

Die gebruik van omset as kwalifiseerder is ietwat diskriminerend teenoor tipes boerderye. Sekere boerderyvertakkings het ñ hoë omset, met gepaardgaande hoë insetkoste, terwyl ander vertakkings weer net die teenoorgestelde daarvan is. Tabel 2 bevat inligting oor hoeveel vee-eenhede of hektare nodig is om die verskillende vlakke van omset vir AgriSEB-status te bereik.

TABEL 2: OMSET VAN BOERDERYVERTAKKINGS IN DIE OOS-VRYSTAAT, 2017

	Omset	Vee of ha vir	Vee of ha vir
	R/VE of R/ha	R10 miljoen	R50 miljoen
VLEISBEESTE	8750	1143	5714
VLEISWOL SKAPE	1800	5556	27778
KORING (DL)	7910	1264	6321
KORING (B)	23730	421	2107
AARTAPPELS (DL)	70000	143	714
AARTAPPELS (B)	157500	63	317
DROë BONE	19500	513	2564
MIELIES (DL)	10263	974	4872
MIELIES (B)	18660	536	2680
SONNEBLUM	8087	1237	6183
SOJAS	8820	1134	5669
SORGHUM	11886	841	4207


Bron: Computus Bestuursburo, BK

In die geval van ekstensiewe vleisbeeste sal 1 143 reprodukerende vee-eenhede ñ omset van R10 miljoen genereer terwyl daar 5 714 vee-eenhede nodig is om R50 miljoen se omset te behaal. Daarteenoor sal 63 ha se intensiewe aartappelverbouing onder besproeiing R10 miljoen se omset lewer terwyl 317 ha daarvan ñ omset van meer as R50 miljoen gaan oplewer. Die tipe vertakking, of kombinasie daarvan, sal dus ook ñ deurslaggewende rol speel in die kwalifiserende omset van boerderye vir AgriSEB se doeleindes.

Eienaarskap

Die nuutaangekondigde AgriSEB-kodes lê baie klem op die mate van swart eienaarskap in boerderye. Dit spreek egter nêrens aan watse boerderybates ter sprake is nie en gee ook nêrens riglyne hoe die verskillende ondernemingsvorme hierdie eienaarskap moet verdeel nie. Dit wil voorkom of die riglyne aanvaar dat boerderye in beslote korporasies of maatskappye bedryf word waarvan die eienaarskap van die onderneming dan in aandeelhouing van 25% plus 1 aan swart eienaars voorsien kan word, ongeag watse bates daar in die beslote korporasie of maatskappy is. In die geval eenmansake of trusts kan eienaarskap egter nie onderverdeel word nie.

Grafiek 1 bevat inligting oor die ondernemingsvorme waarin boerderye in VKB se bedieningsgebied in die Oos-Vrystaat bedryf word.



Volgens die grafiek word 64% van die boerderye in eenmansake bedryf terwyl 9% as trusts handel dryf. Bykans driekwart van die boerderye in die Oos-Vrystaat word dus in 'n ondernemingsvorm bedryf waarvan die eienaarskap nie onderverdeel kan word nie, ongeag wat die uitkoms van hulle AgriSEB-vereiste op die basis van omset mag wees. Net meer as 'n kwart van die boerderye word in 'n beslote korporasie of maatskappy bedryf waarvan die eienaarskap wel onderverdeel kan word.

Belasting

Daar is 'n spesiale belastingtoegewing vir beslote korporasies en maatskappy wat in vervaardiging en/of produksie betrokke is. Indien hierdie klein sakekorporasies se jaarlikse omset minder as R20 miljoen is en al sy lede/aandeelhouers natuurlike persone is, is daar aansienlike gunstige belastingskale op so 'n entiteit van toepassing. Gevolglik word baie sulke entiteite juis om hierdie rede vir boerderydoeleindes geskep. Die onderverdeling van hul eienaarskap, byvoorbeeld deur swart eienaarskap in die vorm van 'n werknemertrust te akkomodeer, gaan hierdie entiteite van hul belastingvoordeel ontnem. In die geval van 'n beslote korporasie, waar die lede tot tien beperk word, gaan dit eweneens 'n probleem wees om die status as beslote korporasie te behou waar daar meer as tien werkers binne die eienaarskap geakkomodeer moet word.

Grond

Een van die doelwitte van AgriSEB is om 'n substantiewe verandering in die rassamestelling van die eienaarskap en bestuur van bestaande én nuwe entiteite aan te moedig. In die geval van boerderye maak grond ongeveer 55% van totale bates uit. Omdat dit ook aan boedel- en/of kapitaalwinstbelasting by die verwisseling van eienaarskap onderworpe is, is verskeie boerderye al só gestruktureer dat die grond in 'n trust is terwyl die operasionele deel van die boerdery in 'n beslote korporasie of maatskappy plaasvind. Die nuwe AgriSEB-kodes spreek hom gladnie uit oor wat by eienaarskap in- of uitgesluit word nie. Gevolglik kan die operasionele maatskappy 'n leë dop wees wat al sy bates van 'n trust huur. Hoewel daar oënskynlik geen strafmaatreëls vir boerderye is wat volgens omset wel AgriSEB moet toepas maar

dit nie doen nie, is daar dus geen beletsel om sekere bates uit die operasionele entiteit te sluit wat volgens omset wel aan AgriSEB moet voldoen nie.

Slotsom

Ten einde suksesvol te kan wees moet die regering se afdwinging van ekonomiese maatreëls op die privaat sektor vir beide partye ñn finansiële voordeel inhou. Dit moet in wese ñn punt bereik waar die privaat sektor met entoesiasme daaraan wil deelneem omdat die voordele daarvan omvangryk is. In dieselfde maand waarin die nuwe AgriSEB-kodes aangekondig word, kondig die regerende party by sy nasionale konferensie ook aan dat dit die beginsel van grondonteiening sonder vergoeding as beleid aanvaar. Die vraag is dus onwillekeurig waarom boere enigsins aan AgriSEB moet deelneem as dit die uiteindelijke beleid van die regerende party is om grond sonder vergoeding af te neem om op hierdie manier radikale, eerder as substantiewe, verandering in die rassesamestelling van die eienaarskap en bestuur van bestaande én nuwe entiteite aan te moedig.

Soos dit is, is 61% van boerdery-entiteite se omset minder as R10 miljoen en is 73% van boerdery-entiteite in eenmansake of trusts gestruktureer wat die onderverdeling van eienaarskap onmoontlik maak. Boere gaan dus langtand daaraan byt om hul boerderye vrywillig só te struktureer dat die rassesamestelling daarvan tot sogenaamde ògroter ekonomiese voordeleö van die land as geheel kan wees. Die teenoorgestelde gaan eerder gebeur naamlik dat boere hul boerderye só gaan struktureer dat hulle bates beskerm is en dat die onderlinge omset van elke entiteit minder as R10 miljoen beloop.

BETHLEHEM

Januarie 2018

KASSIE

Ten spyte van meer as 50 jaar se regstellende aksie om die swart populasie van die Amerikaanse bevolking ekonomies te bemagtig, beklemtoon statistiek die fundamentele mislukking van sulke programme. Volgens ñn verslag *“Poverty in the United States: 2015”* is die geraamde jaarlikse huishoudelike inkomste per etniese groep soos volg:

- Asiatics; \$74 382
- Blank (uitgesluit Spaans); \$60 325
- Spaans (enige herkoms); \$42 540
- Swart; \$35 439

Wanneer daar na die hoogste inkomstegroep gekyk word moet dit beklemtoon word dat die Amerikaanse regering nog nooit enige beleid van ekonomiese bemagtiging ten opsigte van hierdie groep gehad het nie terwyl die teenoorgestelde vir die laagste inkomstegroep geld. Bemagtiging is dus die produk van eie inisiatief en harde werk sonder enige regeringsbystand.

In Suid-Afrika, soos in talle lande met regstellende ekonomiese programme, is die ontvangs daarvan oor die algemeen uiters negatief. Die les wat hieruit te leer is, is dat sulke programme skadelik vir die ekonomie is omdat dit intellektuele en finansiële hulpbronne, wat werksgeleenthede kan skep, van

ekonomiese aktiwiteite vervreem. Die oorsake van die sosio-ekonomiese ongelykhede van Suid-Afrika kan veel eerder toegeskryf word aan die ekonomie se rommelstatus en die hoë werkloosheid. Ekonomiese groei word juis bevorder wanneer 'n regering sy inmenging in die ekonomie tot die minimum beperk en eerder 'n klimaat skep waarbinne die privaat sektor welvaart en werksgeleenthede kan bevorder.

Uittreksel uit Temba Nolutshungu, Direkteur van die Vrye Markstigting, se rede by die 2017 Trust Seminaar, aangebied deur C2M en MHI.